CABSA
Christian AIDS Bureau for Southern Africa
Christen-Vigsburo vir Suidelike Afrika

Omgee Christen gemeenskappe wat versoening en hoop bied in 'n wêreld met MIV

doel

CABSA begelei en ondersteun Christen Gemeenskappe tot "MIV vaardigheid". Ons funksioneer as 'n inligtingsdiens met 'n fokus op mobilisering, opleiding en netwerk.

rede

Die Vigsepidemie word wêreldwyd gekenmerk deur stigma, onkunde en apatie. Die aantal mense wat geïnfekteer word is epidemies: *Twee nuwe infeksies vir elke persoon wat toegang tot medikasie kry.*
Hierteenoor is daar 'n netwerk van gemeentes met gevestigde infrastruktuur dwarsoor Afrika. Daar is dus 'n wonderlike potensiaal vir kerke en Christene om deel van die oplossing van hierdie krisis te wees. **CABSA help om hierdie potensiaal te ontsluit**.

hoe

CABSA verhoog mense se MIV-bewussyn deur inligting beskikbaar te stel, leiers op te lei en gemeentes betrokke te maak. CABSA is betrokke by 'n netwerk van inisiatiewe en steun talle prosesse **om geloofsgemeenskappe te help om hul roeping in 'n wêreld met MIV te verstaan en uit te leef**.

waar

Ons werk vanuit kantore in Wellington (Wes-Kaap) en Randburg (Gauteng). Die CABSA verteenwoordigers in verkillende dele van Afrika is ons plaaslike stem. Ons vennote, AIDSLink en WorldVision, werk wêreldwyd. CARIS dienste is ook **internasionaal** beskikbaar.

wie

CABSA het 'n klein kern van **personeel en verskeie medewerkers**, insluitend deeltydse verteenwoordigers, vrywilligers en individue aan wie verskillende take gekontrakteer word.

ritme

Verskeie **deurlopende dienste** word gebied: die webblad is 24/7 beskikbaar, 'n weeklikse Bybel boodskap en maandelikse nuusbrief word per e-pos aan intekenaars gestuur, navrae word tydens kantoorure beantwoord, materiaal word ontwikkel en versprei vir spesiale geleenthede soos Wêreld Vigsdag en Vigs Herdenkings Sondag. **Geleenthede vir opleiding, werkswinkels en optredes word benut waar moontlik.** CABSA fasiliteer verskeie werkswinkels, gefokusde opleidingsprogramme en het sprekers beskikbaar om by geleenthede op te tree.

finansies

CABSA is 'n **geregistreerde NPO** verantwoordelik vir sy eie befondsing. Befondsing sluit in donasies van individue en gemeentes, Christen organisasies, trusts en plaaslike-/internasionale donor organisasies. CABSA verskaf ook sekere **dienste teen 'n fooi** om groter finansiële onafhanklikheid te bewerkstellig.

steun

U steun help CABSA om lewens en gemeenskappe te verander! Kontak ons vir inligting oor hoe om deur die ***Vriende van CABSA*** program gereelde steun te bied en kommunikasie te ontvang.
Gereelde finansiële steun deur die "1 in ''n 1000" program is besonder waardevol om volhoubaarheid te verseker, maar enige donasie is baie welkom.
Bank rekening besonderhede
Naam: "Christian AIDS Bureau",
Bank: ABSA,
Rekening Nommer 910 467 4160 (Active saving account),
Tak: Wellington (632005)

CABSA
Christian AIDS Bureau for Southern Africa
Christen-Vigsburo vir Suidelike Afrika

"Kerke, Kanale van Hoop/Churches, Channels of Hope" (CCoH)

CABSA glo geloofsgemeenskappe het 'n ongelooflike potensiaal om die ernstige uitdagings aan te spreek wat die MIV epidemie steeds bied. Dit word dikwels bevestig, ook as volg in 'n onlangse internasionale verslag: "*The role of religion is becoming increasingly important in the context of health, both globally and locally. There are numerous experiences that show that some of the most effective agents for behaviour change at community level are religious leaders or faith based groups*."[1] Hierdie potensiaal word deur CABSA se dienste en programme ontsluit.

Deur die Kerke Kanale van Hoop program bied CABSA inligting en opleidingsessies aan wat pasgemaak is vir spesifieke omstandighede. Hierdie benadering is ontwikkel op grond van terugvoer van die veld, waar individue en gemeenskappe verskillende tipes en vlakke steun versoek het.

CABSA is ook baie bewus van die kompleksiteit van gender verhoudings en die invloed wat geslagsverhoudings op die kwesbaarheid van vroue het, en daarom word hierdie aspekte aktief en doelbewus in opleidingsmateriall en aktiwiteite ingesluit. Hierdie word van die grondoorsake van kwesbaarheid vir MIV aangespreek.

CABSA bied die volgende opleiding en inligtingsgeleenthede:

1. **Sensitiserings** geleenthede – Sluit in aanbiedings oor CABSA, MIV, 'n Positiewe Leefstyl ens by geleenthede by 'n kerk, klub of vereniging..
2. **Positiewe** sprekers - CABSA het 'n klein databasis van individue wat bereid is om met groepe te praat oor hulle ervaring van 'n lewe met MIV.
3. **Eredienste** – CABSA word dikwels genooi om te preek of aanbiedings tydens eredienste te doen.
4. Mini-werkswinkels oor onderwerpe soos 'n Inleiding tot MIV en Vigs, Gender, MIV Bevoegdheid, Leef Positief, Stigma ens
5. **MIV Integrasie** – Hierdie opleidingskursus help individue om 'n deeglike kennis van en insig oor MIV verwante onderwerpe in hulle persoonlik, spirituele en professionaele lewens te integreer, en is ook geskik vir opleiding in die werksplek.
6. **Kerke, Kanale van Hoop werkswinkels** fokus op geloofsgemeenskappe en gemeentes, en word aangebied deur CABSA personeel en fasiliteerders wat suksesvol die 7 dae *Kerke, Kanale van Hoop* fasiliteerders opleiding deurloop het. Die fokus en formaat van die werkswinkels is aanpasbaar.
7. **Kerke, Kanale van Hoop Fasiliteerdersopleiding** – die doel van hierdie intensiewe opleidingsprogram is om deelnemers toe te rus met die nodige houding, kennis en vaardighede om 'n kanaal van hoop te wees en gemeenshappe te begelei na MIV bevoegdheid.

CABSA ondersteun die Kerke Kanale van Hoop Program op verskeie maniere. Dis sluit in 'n **mentorprogram** en die **CARISinligtingsdiens**.

CARIS (die Christian AIDS Resource and Information Service) verskaf kennis, inligting en hulpbronne om individue en organisasie te bemagtig om 'n omvattende MIV diens te verskaf. CARIS sluit in 'n uitgebreide webblad, drie aanlyn databasisse, 'n materiaal verspreidings program, 'n hulpbronsentrum, steun aan plaaslike hulpbronsentrums, nuusbriewe en die gebruik van sosiale media soos Facebook en Twitter.

CABSA is betrokke by 'n verskeidenheid aktiwiteite om die stem van hulle wat nie gehoor word nie duideliker te maak, beleid te beïnvloed, die rol van geloofsgemeenskappe in sekulêre omgewings sigbaar te maak en te verseker dat geloofsgemeenskappe ingeligte en bevoegde response op MIV kan lewer.

CABSA skep netwerkgeleenthede en gebruik bestaande geleenthede om geloofsrepsonse op MIV te versterk en sinergie met ander te ondersoek.

Deur al hierdie aktiwiteite verstaan geloofsgemeenskappe hulle roeping en is hulle bevoeg om die regte dinge op die regte manier te doen om die uitdagings van die MIV pandemie aan te spreek.

info

Vir meer inligting besoek www.cabsa.org.za
Skakel ons by 021 873 0028 of 011 796 6830
of **epos na**: training@cabsa.co.za of management@cabsa.org.za

[1] "Why bother? Global Health and AIDS: Fighting for justice and equity" NORAD

CABSA
Christian AIDS Bureau for Southern Africa
Christen-Vigsburo vir Suidelike Afrika